

**SKRIFLESING:** Filippense 3:1-21

**Tema:** Al wat ek wens, is Christus as enigste bate .

Wat is jou nuwejaarsvoornemens? Wat is die doel wat jy wil bereik in 2016? Wat wil ons as gemeente bereik?

In Fil 3:4-6 kyk Paulus in die spieël en wat hy daar sien, maak hom gelukkig. Vanuit 'n Joodse voor-Christus oogpunt op sy lewe doen hy goed. Hy is iemand. Hy het uitgestyg bo sy tydgenote. Hy was 'n gebore Israëliet, deel van God se Ou Testamentiese verbondsvolk. Hy is op die agste dag besny. Hy dra die teken dat Hy aan God behoort. Nie alleen is hy 'n Israëliet nie, hy is deel van die room van die verbondsvolk, uit die stam van Benjamin. Die eerste koning, Saul, het uit hierdie stam gekom. Paulus het die regte afkoms.

Vir sy tyd het hy die hoogste moontlike geleerdheid gehad. Hy het die regte opvoeding gehad. Hy het die regte prestasies behaal. Sy CV was langer as jou arm. Hy was 'n voorbeeldige Fariseër. Hy was so ernstig oor die Joodse godsdiens dat hy al wat 'n Christen was, ywerig vervolg het. Volgens die Joodse wet het hy nie 'n voet verkeerd gesit nie.

Hy kon al die blokkies afmerk. Hy het 'n groot klomp godsdienstige prestasies behaal. Hy het die bekere en sertifikate gehad. Die Joodse raad, sy kerkraad, was met hom baie tevrede. As kerkmens het hy die regte dinge reggedoen. Hy was 'n gerespekteerde volksfiguur en 'n leier van sy mense. Die gevaar van so 'n lewe is dat hy nie soos die verlore seun tussen varke gedraai het nie. Hy was nie dwelm- of drankverslaaf nie. Volgens mense se sedelike maatstawwe was hy 'n voorbeeldige, toegewyde, godsdienstige mens.

As jy aan jouself dink, dit wat jy afgelope jaar gedoen en bereik het, is jy, soos Paulus, tevrede met jouself? En is ander mense tevrede met jou, met jou onberispelike karakter en lewenswandel?

Dinge om jou is netjies en dikwels nuut. In die skool, by jou werk en huis gaan dit goed. Jy het 'n paar randjies in die bank. Jou gesondheid is goed. Jy hardloop saam met die voorste bondel. Jy slaag die wêreld se batetoets van wat kry jy, waar bly jy en wat ry jy.

Jy is 'n ordentlike kerkmens. Jy is 'n getroue lidmaat. Jy is gedoop. Jy woon eredienste by soos al jou voorgeslagte. Jy gee 'n aansienlike dankoffer. Jy dien die Here met jou gawes, jy is 'n kerkraadslid, kategeet of selgroepleier.

Jy is tevrede met wat jy in die spieël sien. Jy kan die blokkies afmerk. Jy hoor ook die wêreld se handeklap. Jy is beter as die meeste ander mense. Jy is iemand.

Maar toe God 'n doodtevrede Paulus raakloop, toe doen Hy dit behoorlik oppad na Damaskus. Hy maak hom eers blind, dan maak Hy sy oë oop sodat hy kan sien. In die woorde van Paulus in Fil 3:12: "Jesus Christus maak my syne." Die Here verander Paulus se prioriteite onherroeplik. Nou besef Paulus wat regtig in die lewe saakmaak. Wat eers vir hom 'n bate was, beskou hy as waardeloos. Wat nou saakmaak is 'n intieme geloofsverhouding met die Here.

Ons lees ons in Fil 3:7-8 wat nou vir Paulus saakmaak: “<sup>7</sup>Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, <sup>8</sup>ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry...”

Om iemand te wees is nie om iets te hê nie, maar om Iemand te hê. Jesus Christus sit nou op die troon van my lewe. Hy het vir my alles geword. Hy, Sy eer en Sy plan moet die belangrikste in my lewe wees. Ons moet reg verstaan. Dit is nie verkeerd om na die beste van jou vermoë te presteer nie. Dit is nie verkeerd om besittings te hê nie. Dit is sekerlik nie verkeerd om 'n betrokke lidmaat van die gemeente te wees nie. Maar waarop vertrou jy? Waarom doen jy die dinge?

Daar is net een van twee redes: jy is of aardgesind of 'n burger van die hemel . Vir iemand wat aardgesind is, gaan dit om homself en wêreldse dinge. Sukses is om in beheer te wees, rykdom is om baie besittings te hê en vryheid is om te doen wat ek wil. 'n Burger van die hemel se sukses is in Here, sy rykdom is geestelik rykdom in die Here en om regtig gelukkig en vry te wees is om in die Here gelukkig en vry te wees.

Weet dat al jou prestasies en besittings dalk die wêreld beïndruk, maar dit is nie die eerste dinge wat die Here beïndruk nie. As jy Iemand wil wees in God se oë, laat Hom beheer oorneem van jou lewe.

Het dit al gebeur? Kan jy eerlik bely: “My verhouding met die Here is vir my belangrikste bate.” My belangrikste nuwejaarsvoorneme is om Christus intiem en persoonlik te ken. Hy is my eerste prioriteit. Geeservuld gaan ek Hom altyd en oral met alles ek het, dien.

Ek streef na die geloofslewe waarvan ek lees in Fil 3:10-11: “<sup>10</sup>Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van Sy opstanding te ondervind en deel te hê aan Sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, <sup>11</sup>in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.”

My ou sondige mens het gesterf saam met Christus. Ek is nie sondevry nie, maar ek is vry van die kettings van sonde wat my gebind het. In Christus is ek meer as oorwinnaar oor sonde en dood. My sondige mens word daagliks minder en Hy word meer.

In dankbaarheid wil ek nie anders as om elke sogenaamde bate wat tussen my en die Here staan, prys te gee nie. Alles wat vir my meer belangrik as die Here was, is nou verwerplik. Aardse goed is nie meer in beheer van my lewe nie. Ek staan in diens van die Here. My eerste afspraak in my dagboek is met Hom en vir Hom.

Ek het die koste bereken. Ek is bereid om die prys te betaal. Ek neem my kruis op en volg Hom. In die proses sal ek my swaarkry vat. Ek is bereid om te sterf ter wille van die evangelie.

Maar ek deel nie net in Sy lyding, dood, swaarkry en prysgawe nie. Ek deel ook in Sy oorwinning. Ek deel in die krag wat Christus lewend uit die dood laat uitstap het. Ek is vrygespreek, nie omdat ek 'n klomp goed doen nie, maar omdat Hy reeds alles gedoen het om my te verlos. Ek glo in Hom.

Ek behoort aan Hom, daarom leef ek as 'n nuwe mens. Ek is bly in die Here. Ek deel in Sy vrede, met God, met myself en met ander mense. Nuutgemaak en gevul met die Heilige Gees leef ek liefde soos Hy.

Ek stel 'n Christus-voorbeeld. In Paulus se tyd het die Nuwe Testament nog nie bestaan nie. Hy kon nie vir mense sê om meer van Jesus in die Bybel te gaan lees nie. Hy het mense opgeroep om na hom te kyk, omdat hy al meer soos Christus geleef het. Baie mense lees nie meer die Bybel nie, maar hulle lees vir ons. Leef jy soos Christus?

Ek bely saam met Paulus dat ek nie volmaaktheid bereik het nie. Vir ons as sy kinders beteken volmaaktheid om elke dag te stry om volmaak te word. Elke dag van my lewe is ek met die Here op pad om al meer soos Hy te word.

Ek hardloop die geloofswedloop van Fil 3:13-15a: <sup>13</sup>Broers, ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. <sup>14</sup>Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus. <sup>15</sup>Ons almal wat geestelik volwasse is, moet hierdie gesindheid hê."

Ek is op pad hemel toe.

### **Sluit af**

Jou nuwejaarvoornemens wys wat jy as jou grootste bate beskou.

Is jy aardgesind of 'n burger van die hemel?

| Aardgesind – gaan oor myself                  | Burger van die hemel – gaan oor Here   |
|---|--|
| My afkoms                                     | Intieme geloofsverhouding met die Here |
| My opvoeding                                  | Vrygespreek omdat ek in die Here glo   |
| My prestasies                                 | Volg Sy voorbeeld                      |
| Godsdienstige pogings om vryspraak te verdien | Voortgaande proses om volmaak te word  |
| Ek het gearriveer                             | Op pad hemel toe                       |

Kom ons maak dit ons eerste nuwejaarsvoorneme om 'n burger van die hemel te wees.

**Amen**